Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Geskryf deur Johannes Nortier
20 Januarie 2022

Gedagte vir die week:

Baie ek, min God. Min ek, **baie God**!
Groot ek, klein God. Klein ek, **groot God**!

Vertrekpunt:

Psalm 131

Meditasie uit die Woord:

Psalm 131, en eintlik al die Psalms, stry met wat ek noem, *besige geloof*. Met *besige geloof* bedoel ek geloof wat vol inspanning is, geloof wat soek na resultate, geloof wat armdruk met God en wat as sodanig gewoonlik neerslag vind in sogenaamde gebedsprestasies. Dit is 'n soort geloof en gebed wat God in aksie en aan die gang en wakker probeer kry, geloof en gebed wat God en/of sy hand probeer beweeg, geloof en gebed wat God as't ware probeer ompraat en oortuig om die gelowige bidder se raad te volg, wat dan sommer ook van hierdie besige geloof, *slim geloof*, maak. As ek die Psalms reg lees is sulke besige en slim geloof eintlik ongeloof, of op die meeste, geloof in godsdiens. Vir my loop gebed en geloof hand aan hand as voortdurende bewuswees van God, voortdurende luister na God, voortdurende wag om te kyk wat God gee en doen, voortdurende nederige aanvaarding en onderwerping aan wat God gee. Ek vra niks meer nie … ek is die baba wat rus gevind het by mamma en wat drink aan haar bors wanneer sy dit ookal vir my gee. Daarom sukkel ek om opgewonde te raak oor godsdienstaal soos gebedsgenesing, geloofsgenesing en selfs gebedsverhoring. Ek is deur die jare al meer oortuig van en opgewonde oor geloofstaal soos *gebedsverrassings* en *Goddelike genesings*. Geloof en gebed moet baie God en min mens bevat. In geloof en gebed moet God groot wees en die mens klein. Ons moet erken dat daar 'n verskil is tussen om in godsdiens te glo en om in God te glo. Psalm 131 help ons hiermee.

So terloops, as jy Bybelverse los van mekaar lees en rondom enkele verse 'n hele teologie bou, sal jy hierdie gesprek nie waardeer nie. Hierdie gesprek probeer die gees van die hele Bybel in ag neem en word nie deur één vers begrens nie. Dit bly natuurlik nét die getuienis van 'n mens en jy moet dit só lees en vry wees om daaroor te dink en daarna saam te stem of te verskil. Niemand se waarheid is dié waarheid nie!

Reisgesprek en Youtube-skakel:

Op Sondagoggend 23 Januarie 2022 om 09:30 hou ons 'n reisgesprek in die kerkgebou. Jy kan aan die digitale weergawe daarvan deelneem by https://youtu.be/raCE6wjHCJ0

Meditasie uit die Lewe:

Ek wil vanjaar vyf dinge probeer bemeester wat ek glo my sal help tot gesonder menswees:

1. Ek wil dat elkeen van my in- en uitasemings my aan God herinner. Na alles herinner die naam van God, *Jahwe*, ons mos aan asemhaling. *Jah* (inasem) en *we* (uitasem).
2. Ek wil met sagter oë dieper kyk na alles en almal, en goeie vrae vra, sodat ek minder en stadiger oordeel en meer en vinniger en beter kan verstaan.
3. Ek wil my denke oopmaak sodat my waarheid nederig bly, en nie dié waarheid raak nie.
4. Ek wil met 'n ja-gesig lewe sodat mense hoop kry wanneer hulle met my te doen het.
5. Ek wil met oop gebedshande leef sodat ek dankbaar en tevrede by God kry nét wat Hy wil gee, en nie wat ek wil hê nie. Hy weet na alles beter as ek!

So help my God!

Aantekeninge:

1. 'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprek te ontdek.
2. **As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com**